SA moet môre bid teen misdaad, vra Solidariteit

SONJA CARSTENS
Pretoria

Die Solidariteit-beweging het kerke gister gevra om môre te bid dat Suid-Afrika uit die greep van misdaad gered word en om 'n minuut van stilte teen misdaad te handhaaf.

Die beweging, wat bestaan uit Solidariteit, AfriForum en Helpende Hand, vra die gebede voor hul landswye protesaksie wat vir 19 Mei beplan word.

Volgens dr. Dirk Hermann, uitvoerende adjunkhoof van Solidariteit, sal dit die grootste protesaksie van sy soort in Suid-Afrika wees.

"Kerke is die ruggraat van ons samelewing en sonder die geloof en gebed van gemeentes gaan seksuele en dwelmverwante misdade soos die . . . meer as 18 000 moorde wat verlede jaar in Suid-Afrika aangemeld is, nie in die kiem gesmoor word nie.

"Kerke word gevra om te bid vir die meer as 2 500 kinders en volwassenes wat verlede jaar ontvoer is, die meer as 4 000 kinders wat as verwaarloos aangemeld is en die meer as 18 000 huisgesinne wie se lewe verlede jaar in gevaar gestel is tydens huisbrake, en dit nét in Suid-Afrika."

Volgens Hermann kan kerke met die minuut van stilte eerbied betoon aan die slagoffers van misdaad.